
KONINKRYKSTYD
2 AUGUSTUS 2026

NED. GEREF. KERK
WELLINGTON-NOORD





# NOORDNUUS

- **Erediens** **09:30 | Kerkgebou**
- **Predikant** **Ds. Lettie Büchner**
- **Musiekbediening** **Neil Büchner**
- **Deuroffer** **NGGO**
- **Digidiens** **Ds. Francois Maritz**

## KINDERS | JEUG

**Voorskool tot Graad 3** deel in kindermoment tydens erediens en gaan dan saal toe. U kan dan weer u kind na die erediens by die kerksaal kry. Die **Graad 4 tot 10 leerders** gaan saal toe vir hul ontmoetings na afloop van die erediens. **Belydenisgroep** net na erediens in konsistorie.

## Algemene Inligting

MacCronestraat 11 - Wellington - 7655
021 873 2763 I info@wellingtonnoord.co.za

Bankbesonderhede: ABSA | Wellington | 430 580 019
**Kantoorure** | **Skriba** | Maandag - Vrydag | 8:30 - 12:30
**Gemeentebestuurder** | Maandag - Donderdag | 7:30 - 15:30
Vrydag | 7:30 - 14:30

zapper
The rewarding way to pay

www.wellingtonnoord.co.za

# VERJAARSDAE | AUGUSTUS

**03** Ria Koch

**04** Ben Fouchee | Marsha Jordaan | Johan Koch | Louzanne Marais

**05** Piet Giliomee | Sienna Rackley

**06** Frank Badenhorst | Jurie de Wet | Doreen Kotze | Aletta Nel

**07** Kosie Els | Dalene van Zyl | Gerhardus Visser

**08** Tos Smit

## 2026 Interskole

Sterkte aan al ons plaaslike skole wat die komende tyd aan hul interskolewedstryde deelneem!

Mag elke wedstryd gevul wees met passie, deursettingsvermoë en ware sportmanskap. Onthou: sukses lê nie net in die eindtelling nie, maar ook in die karakter wat op en langs die veld gebou word.Speel met trots, ondersteun mekaar en geniet elke oomblik. Ons wens elke speler, afrigter en ondersteuner alles van die beste toe!Speel hard.

Speel met hart. Speel met trots.

## Ons leer

Wil jy groei in jou geloof?

### Woordskool

Dis informeel, gemaklik en almal is welkom.

11 Augustus 2026: 18:30
12 Augustus 2026: 09:30

Ons reis weer hierdie jaar saam met die 40 DAE tydens Woordskool. Enige persoon kan kom inskakel is welkom vir hierdie 6 byeenkomste (elke week 1).



NED. GEREF. KERK WELLINGTON-NOORD *Geloofsgemeenskap*

# WIT OLIFANT TAFEL

met

KLEREKASMARK

# BASAAR

## 5 SEPTEMBER 2026

TWEEDEHANDSE GOEDERE

'N TWEEDE KLEREKAS

LEWER ASSEBLIEF AF BY DIE KERKKANTOOR.

KONTAKPERSON:
WOUTER DE WET 084 446 0777




# BASAAR

## VLEISTAFEL

Ons jaarlikse kerkbasaar is een van ons drie grootste insamelings!

Ons vra graag skenkings vir gewilde vleistafel in die vorm van kontantdonasies vir die ekstras wat aangekoop moet word om vleis te verwerk.

Enigeen wat wil bydra, kan asseblief vir Sas Oosthuizen kontak by 082 373 6580.

Baie dankie vir julle ondersteuning!


BASAAR | NOORDKERK | 5 SEPTEMBER 2026 — SAVE the DATE

# BASAAR

Indien u wil betrokke raak by die Basaar is u welkom om vir Lillibet de Wet te kontak by 079 176 4012

NED. GEREF. KERK WELLINGTON-NOORD Geloofsgemeenskap

# GEMEENTEKAMP 2026



9-11 OKT 2026

Leeuwenboschfontein

Kontak Hennie Cronjé vir navrae en besprekings 082 774 4106



# KINDERTAFEL

**Ons benodig asb die volgende**

Spookasem
Lucky packets
Doughnuts
Kuns items
Speelgoed
Lekkergoed
Klei

**Kontant bydraes vir die aktiwiteite**

Put-Put
Gesigverf
DIY Plaas,feëtjie tuin,winkel
Klei aktiwiteite

**Kontak gerus vir Anasta 084 207 4639**

NATUURLIK IS ENIGE SKENKINGS WELKOM

# TOEKA SE TIENERS

## – WINTERKUIER –

SENIOR LIDMATE
FUNKSIE

5 AUGUSTUS 2026

12:00

KONTAKPERSON:
JOAN ROSSOUW
083 231 0766

Ned. Geref. Kerk
WELLINGTON-NOORD
Geloofsgemeenskap

# DinkJeug se hulpbronne vir Barmhartigheidsmaand

| WEEK | TEMA | UITDAGING | LEESROOSTERTEKS | VROU IN DIE BYBEL |
|---|---|---|---|---|
| 2 Aug | Gee wat jy het | Skenk iets (bv. kos, klere, ens.) | Jesus voed die vyfduisend (Matteus 14:13-21) | Johanna (Lukas 8:1-3) |
| 9 Aug | Gee jou teenwoordigheid | Gee 30 min tyd vir iemand | Jesus wat op water loop (Matteus 14:22-33) | Maria van Betanië (Lukas 10:38-42) |
| 16 Aug | Maak plek vir ander | Nooi iemand nuut vir ete | Jesus en die Kanaänitiese vrou (Matteus 15:21-28) | Lidia (Handelinge 16:11-15, 40) |
| 23 Aug | Wys wie Jesus is | Gesels met 'n vreemdeling | Petrus se belydenis (Matteus 16:13-20) | Tabita (Dorkas) (Handelinge 9:36-43) |
| 30 Aug | Kies ander eerste | Gee gebed en ondersteuning | Jesus te volg (Matteus 16:21-28) | Maria Magdalena (Johannes 20:1-18) |



DEURKOLLEKTE

## Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling

Wat doen die NGGO?
Die NGGO-taakspan (binne die NG en VG kerkfamilie) begelei gemeentes om nuwe geleenthede vir vars, missionale maniere van "kerk-wees" te ontdek en te implementeer.

Visievorming:
Hulle help gemeentes om nuwe geleenthede in hul spesifieke konteks raak te sien.

Praktiese Begeleiding:
Die span besoek gemeentes wat nuwe geloofsgemeenskappe wil begin – hetsy weens nuwe demografiese ontwikkelings of behoeftes binne die bestaande gemeente.

Veilige Ruimte:
Deur opleiding en netwerke help hulle leiers om nuwe maniere van kerk-wees te beproef, terwyl die eenheid van die breër kerk altyd beskerm en bevorder word.

NGK WELLINGTON-NOORD | JANUARIE TOT JUNIE 2026

# Omgee

Dankie aan elkeen binne en buite ons gemeente wat so vrygewig bydra – julle ongelooflike skenkings help God se koninkryk groei en raak lewens. Julle liefdevolle ondersteuning maak ons werk maklik en inspireer hoop in ons gemeenskap. As jy nog wil deel, is alle bydraes – of dit praktiese hulp of finansiële ondersteuning is – van harte welkom om saam met ons hierdie werk voort te sit.

## ONTVANG UIT GEMEENTE

- Skenkings van produkte, groente en vrugte
- Skenkings vir Vloedslagoffers – finansieël en klere
- Finansieël dmv kollekte, maandelikse debietorders, aftrekorders en EFT bydraes
- Adhoc/addisionele bydraes ontvang vir spesifieke noodtoestande en projekte

Bogenoemde is aangewend vir: Kospakkie-projek waar lidmate in krisis ondersteun word en Digidiens.

Groente & vrugte versprei na: Ma's vir Wellington, Sunfield Homes, Norsa, Silwerkruin, The Sprouts organisation (Voor-Groenberg), Huis Kroneberg – Seniorverblyf (Milnerstraat) en verskeie sopkombuise in die omgewing.

# WELLINGTON-NOORD

Ned. Geref. Kerk
WELLINGTON-NOORD
Geloofsgemeenskap

# BASAAR

**5 SEPTEMBER 2026**

*Heerlike ontbyt*

**Begin om 08:00**

- Kafee
- Potjiekos
- Koeke & Terte
- Hamburgers
- Poedingtafel
- Hotdogs & Pasteie
- Pannekoek
- Kindervermaak
- Vleis- & Groentetafel

**Vir die hele gesin!**

*Maccronestraat 11, Wellington*

Kerkkantoor nommer is 021 873 2763 | info@wellingtonnoord.co.za

# Gebed vir Vrouedag

*God van liefde en trou,*

**ons bid saam met Jesaja:**

*"Mag liefde en trou in ons land ontmoet.*
*Mag geregtigheid en vrede mekaar omhels.*
*Mag trou uit ons gemeenskappe opspruit.*
*Mag u geregtigheid oor Suid-Afrika skyn."*

Vandag dank ons U vir die vroue van Suid-Afrika –
vir dié wie se name ons ken, en vir die ontelbares
wie se stories nooit opgeteken is nie.
Ons dank U vir vroue
wat deur die geskiedenis opgestaan het
vir waarheid, geregtigheid en menswaardigheid;
wat geweier het om stil te bly
in die aangesig van onreg;
en wat hoop lewend gehou het
wanneer moed skaars was

Laat ons ook vandag hul geloof, moed en liefde eer,
en inspireer ons om saam met hulle te werk
vir 'n meer regverdige en menswaardige samelewing.
Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus,
wat mense in storms ontmoet,
wat die gebrokenes oprig
en wat ons roep om saam
die pad van geregtigheid te stap.

*Amen*

Taakspan Gendergeregtigheid